

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 11 Junie 2017 – Aand**

**Sing vooraf staande:** Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!  
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.  
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?  
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;  
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.  
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,  
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 34:1, 2 (p. 166)

- 1 In weelde<sup>en</sup> ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;  
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.  
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.  
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
- 2 Kom, maak die HERE groot! / Laat ons sy Naam 'n lofsang wy,  
aan Hom wat groot is en naby, / die helper in die nood.  
Ek het in my gebed / Die HEER gesoek en Hy het my  
in antwoord op my noodgeskrei, / uit al my vrees gered.

Gebed

Skrifberyming 2-4:1, 3 (Sb 33)

- 1 Wat 'n liefde<sup>en</sup> volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,  
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!  
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,  
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,  
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.  
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde<sup>en</sup> is ongeregtigheid!  
Maar ons lewe<sup>en</sup> uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

**Skriflesing:** Romeine 6:1-14; Heidelbergse Kategismus, Sondag 16:43

**Kernvers:** Romeine 6:12-13

**Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. (Romeine 6:12-13 AFR53)**

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?**

*Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie (b), maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c).*

*(a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6, 12. (c) Rom 12:1.*

**Tema:** Christus se kruisdood het nou voordeel vir die gelowige

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, vanaand kom ons by die voorlaaste gesprek wat die gelowige met die vraagsteller het oor die verlossingswerk wat Jesus Christus in sy vernedering gedoen het. Vanaand se gesprek handel steeds oor die offer en dood van Christus aan die kruis.

Verlede week wou die vraagsteller weet waarom dit noodsaaklik was dat Christus Homself tot in die dood moes verneder terwyl Hy reeds soveel lyding onder die oordeel en toorn van God moes verduur. Die gelowige het hierdie vraag vanuit die Skrif beantwoord sowel as waarom Christus begrawe moes word. Aan die einde van die vorige gesprek het die vraagsteller ook gevra waarom gelowiges dan nog sterwe as Christus dan klaar vir hulle sondes betaal het met sy dood.

In antwoord op daardie laaste vraag het die gelowige spontaan vertel watter voordeel Christus se offer en dood aan die kruis vir hom as gelowige inhou. Omdat Christus reeds met sy lyding en dood vir die gelowige se sondes ten volle betaal het, het die dood vir die gelowige van karakter verander. Die dood is nie vir die gelowige meer iets vrees-aanjaends nie. Tydens sy eie dood sal die gelowige sy sonde afsterf en deurgang kry tot die ewige lewe.

Op grond van daardie antwoord kom die vraagsteller agter dat die gelowige hom vertel het watter voordeel Christus se dood vir hom as gelowige inhou aan die einde van sy aardse lewe. En hy het in die gelowige se woorde gehoor watter vrede en rustigheid die gelowige het oor sy eie dood wat sal aanbreek. Maar vanuit 'n menslike oogpunt lyk die gelowige nog perdfris en gesond. Miskien sal die gelowige nog tien of twintig jaar lank lewe. Is Christus se offer en dood aan die kruis dan ook tot voordeel vir jou in hierdie tien of twintig jaar wat jy nog het om te lewe?

Broers, susters en kinders, as 'n mens mooi daarvoor nadink, het Christus se dood aan die kruis in werklikheid 'n tweeledige voordeel vir die gelowige in hierdie lewe. In die eerste plek het die gelowige die voordeel dat hy op grond van Christus se offer aan die kruis by God om vergifnis kan smee vir sondes wat hy nou nog doen. Wanneer jy glo dat Christus jou volledig van jou sondes verlos het, beteken dit nog nie dat jy nou volmaak en sondeloos is nie. Dit het die gelowige immers baie vroeg in hierdie gesprekke aan die vraagsteller duidelik gemaak. Geen gelowige is in hierdie lewe al in staat om die Here honderd persent te gehoorsaam nie. Hy het nog altyd die geneigdheid om sonde te doen. En die hartseer is dat hierdie geneigdheid nog elke dag 'n werklikheid word – 'n gelowige doen nog sonde.

Die gelowige se sonde is nie minder erg as die sonde van 'n ongelowige nie. Inteendeel, enige sonde – hoe klein en onbenullig dit ook al vir mense lyk – verdien om met die ewige en regverdige straf gestraf te word. Maar vir die gelowige het Christus die genade aan die kruis verwerf. Omdat die Heilige Gees die gelowige van sy sonde oortuig en ook verseker dat Christus sy Verlosser is, kan en mag en moet die gelowige met 'n hart vol berou by die Here om vergifnis smee vir die sonde wat hy gedoen het. Jesus het immers sy bloed gestort vir die versoening van baie sondes. In die gesprekke aan die hand van Sondag 15

het die gelowige op hierdie voordeel van Christus se offer en dood gewys. En die gelowige wat so opreg sy sonde voor God bely het, kan ook seker wees dat God aan hom die vergifnis skenk omdat Christus se bloed daarvoor betaal het.

Toe die vraagsteller hierdie woorde hoor, sê hy: Maar dan maak dit mos nie saak of jy sondig nie en hoeveel sonde jy doen nie. Die gelowige moet maar net elke dag opreg vergifnis by God vra en dan is alles weer reg.

Om so oor sonde en vergifnis te dink is nie iets wat eie is aan hierdie vraagsteller alleen nie. Die Heilige Gees het eeue gelede al geweet dat mense so sal redeneer. Daarom het die Heilige Gees vir Paulus gelei om gelowiges oor hierdie verkeerde siening van die sonde en vergifnis te waarsku.

'n Gelowige het op grond van Christus se dood aan die kruis nie net die voordeel dat hy by God kan smee om vergifnis vir die sonde wat hy gedoen het nie. Hy het die voordeel om te weet dat die Heilige Gees hom uit die mag van die sonde gehaal het omdat Christus die straf op die sonde in sy plek gedra het. Wanneer die Heilige Gees 'n mens deur die ware geloof in Christus inlyf, word die gelowige so heg en innig in Christus verbind dat die gelowige se ou mens saam met Christus gekruisig, gedood en begrawe is.

Hierdie innige verbintenis aan Christus word in die doop van die gelowige afgebeeld. Deur die doop is die gelowige saam met Christus in sy dood begrawe. God die Vader het eens en vir altyd die sonde aan sy Seun gestraf toe Jesus aan die kruis gesterf het. Daarom sal die sonde nooit weer so 'n uitwerking op Jesus kan hê as wat dit in sy vernedering op aarde op Hom gehad het nie. Jesus sal nooit weer as gevolg van die sonde sterf nie. Omdat Christus volmaak aan die regverdige eis van God voldoen het – Hy het die wet van God volmaak uitgevoer en Hy het volmaak die straf op die sonde van mense gedra – het God Jesus uit die dood opgewek. Daarom lewe Hy nou vir ewig en Hy lewe vir God.

Deur die geloof verenig die Heilige Gees die gelowige so innig met Christus dat dit wat Christus gedoen het en wat met Hom gebeur het deur die geloof dan ook nou eiendom van die Christen word. Deur die geloof word Christus se sterwe aan die kruis ook die sterwe van die Christen se ou mens aan die kruis. In werklikheid is die gelowige se sondige geaardheid op Golgota gekruisig, gedood en begrawe. Omdat die Heilige Gees nou die nuwe lewe deur die geloof in die Christen opwek, beteken dit dat die Christen ook nou vir die sonde dood is en vir God lewe.

Om vir iemand wat nog 'n slaaf is te sê dat hy nie soos 'n slaaf moet optree nie, is 'n sinlose opdrag. Al wat daardie mens ken is 'n slaaf se lewe. Maar vir iemand wat vrygestel is van slawerny kan jy sê: Moenie soos 'n slaaf optree nie. Sulke woorde sal hom aanspoor om anders te lewe as wat hy vroeër gelewe het.

Aangesien Christus se dood aan die kruis die gelowige uit die mag van die sonde uitgehaal het, is die Christen nie meer 'n slaaf van die sonde nie. Daarom kan Paulus aan die gelowiges skryf:

**Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie.** (Romeine 6:12-13a AFR53)

Die sonde sal lewenslank vir mense 'n groot aantrekkingskrag hê. Selfs by gelowiges kom daar nog sondige begeertes. Gelowiges kry dit ook nie altyd reg om daardie sondige begeertes net daar en dan af te sterf nie. As dit vir die gelowige maklik was om

sondige begeertes sommer met die eerste roering in sy hart dood te druk en heeltemal te vergeet, sou die Heilige Gees nooit vir ons gesê het: Moenie die sonde toelaat om in jou te heers nie.

Wanneer die Heilige Gees sê dat die Christen dood is vir die sonde is dit 'n feit waaraan die Christen homself heeltyd moet herinner en glo. Dit is 'n feit waarvan die Heilige Gees jou verseker en jy moet daarvolgens lewe dikwels met daardie teenoorgestelde gevoelens en begeertes wat in jou spook om woorde en daede te word. 'n Christen is van sy sonde verlos, maar hy is nog nie ontslae van sy sondige geaardheid nie.

'n Christen egter wat nalatig is of dink: Ag wat, ek weet mos hoe om myself te gedra. Buitendien het die sonde mos nie meer 'n sê oor my nie, daarom hoef ek nie meer so vreesbevange te wees nie, gaan hom die een of ander tyd vasloop. Sonde is soos 'n stuk kwaadaardigheid. Aanvanklik is dit klein en 'n mens dink dit is nie so erg nie. Maar as 'n mens daardie kwaadaardigheid nie uithaal wanneer hy klein is nie, gaan hy al groter word, jou siek maak en jou dood meebring. Sonde werk net so vernietigend in op 'n mens se lewe. As jy dit gaan verdra omdat dit klein is, kan jy maar weet dit gaan nie klein bly nie. Die sondige begeertes wil altyd meer en meer hê. En as jy toelaat dat die sondige begeertes en die sonde al meer sy sin in jou lewe kry, gaan dit tot jou dood lei.

Aangesien die Christen deur die geloof in Christus ingelyf is, is hy vir die sonde dood, Daarom gaan hy ook nie die geringste ruimte aan sy sondige begeertes gee om weer nes te skop in sy hart nie en uiteindelik weer sy lewe oorneem nie. Maar daar is nog meer wat die Christen kan doen. Hy gaan ook nie sy liggaam tot beskikking stel van die sonde om ongeregtigheid te doen nie.

'n Christen behoort met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan sy troue Saligmaker Jesus Christus. Met sy kosbare bloed het Christus die Christen se liggaam en siel losgekoopt van die heerskappy van die duiwel en die sonde. Daarom behoort elke ledemaat van 'n Christen se liggaam aan Jesus Christus. As jy weet dat jy vroeër in jou lewe dikwels jou tong gebruik het om ander mense seer te maak en af te kraak, kan jy nie nou weer jou tong tot beskikking van hierdie sonde stel nie. Jou tong behoort aan Jesus en moet nou 'n werktuig wees om geregtigheid te doen. Met jou tong behoort jy opbouend met ander mense te praat, sodat hulle saam met jou die Here kan loof en prys.

Die stryd teen die sonde is 'n stryd van lewe en dood. Die sonde en sondige begeertes wil beslis nie die beste vir 'n mens gee nie. Sondige begeertes is daarop uit om 'n mens se lewe te verwoes. Wanneer 'n mens dan jou liggaam wat deur Christus bevry is van die heerskappy van die sonde weer tot beskikking van die sonde stel, is dit die domste ding wat jy kan aanvang. Dit is net so goed jy kry dit reg om die inbreker in jou huis sy vuurwapen te laat val in jou worsteling met hom. En dan los jy die inbreker en gee weer sy vuurwapen vir hom terug. Die inbreker gaan jou nie bedank en wegloop nie. Hy gaan jou skiet. Moenie enige deel van jou liggaam tot beskikking van die sonde stel nie, want die sonde wil jou doodmaak.

Wanneer ons Christene in een of ander sonde val en ons word uitgevang of ons besef dat die dinge nie uitgewerk het soos wat ons gedink het nie, speel ons graag die slagoffer. Dan sê ons maklik: Ek kon dit nie verhelp nie. Ek is nou maar eenmaal 'n sondaar. Dit is waar, daar is sondige begeertes wat so diep in 'n mens ingewortel is, dat 'n mens bitter moeilik daarvan ontslae raak. Daaglik gee Christene aan daardie sondige begeertes toe sonder dat hulle dit regtig agterkom. Maar 'n Christen mag nooit daarby berus nie.

Iemand wat Christus nog nie ken nie, is nog deur en deur 'n slaaf van die sonde. Hy sal met so 'n verskoning – ek kon dit nie verhelp nie – kan wegkom. Maar deur die kruisdood van Jesus Christus en die feit dat die Heilige Gees jou in Christus ingelyf het, is die heerskappy van die sondige begeertes oor die Christen gebreek. Daarom kan die sondige begeertes nie meer oor die Christen heers nie. En deur die kragtige werk van die Heilige Gees wat die Christen van die Vader kan vra, is die gelowige in staat om die verleidings te weerstaan, die sonde te laat staan en daarvan weg te vlug.

Indien die gelowige se gesprek met die vraagsteller hier sou ophou, sal hy die afleiding maak dat die Christelike lewe net 'n lewe van *pasop* en *wees versigtig* is. Dit is allermins wat die Christelike lewe is. Daar is ook 'n groot positiewe kant aan die Christen se lewe. Hy stel nou elke liggaamsdeel van hom tot beskikking van die Here.

In wese beteken dit dat die Christen uit dankbaarheid vir die verlossing wat Christus gedoen het, gebruik die Christen sy hande om diegene wat seergekry het se wonde te verbind en hulle wie se las te swaar geraak het te help dra. Met sy oë let hy op die grootheid van die Here om ander mense ook te wys op die wonderwerke wat die Here elke dag nog doen. Met sy ore luister hy waar daar 'n noodkreet is, sodat hy konkreet die liefde van Christus in daardie mens se lewe kan betoon. Met sy tong verkondig hy die heerlijkheid van God wat hom uit die duisternis na die lig gebring het – uit die dood van die sonde na die lewe in Christus. Met sy hele liggaam en siel wy die Christen homself as dankoffer aan die Here toe.

Geliefdes, Christus se bittere dood aan die kruis is nie net voordelig vir die Christen wanneer dit eendag by sy eie dood kom nie. Reeds in hierdie lewe kry hy die genade om elke dag voordeel te trek uit die kosbare dood van Christus. Hy mag op grond van Christus se dood vergifnis smee by God en ook deur die Heilige Gees die versekering kry dat sy sonde vergewe is. Verder ontvang hy die voorreg dat die krag van Christus se dood hom in staat stel om elke dag die een oorwinning na die ander in die Naam van die Here oor sy sondige begeertes te behaal en sy lewe geheel en al aan die Here toe te wy.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 37:18, 19, 23 (p. 184)

- 18 Die HEER sal vir sy gunsgenoot / 'n skut wees selfs tot in die dood.  
Die sondaar hou voor Hom nie stand; / regverdiges beërf die land.
- 19 Hul mond is ons 'n wysheids-wel / en reg is wat hul tong vertel.  
Gods wet is in hul hart geplant, / en deur sy krag hou hulle stand.
- 23 Let op die vrome wat opreg / met God verkeer in woord en weg;  
merk op die man wat God hier vrees: / sy lewenseind' sal vrede wees.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**